

14 September

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 4**

**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 4:9, 10**

### **Vir God is elkeen wat op Hom vertrou, belangrik**

Jabes se gebed in 1 Kronieke 4:10 is onlangs deur baie mense "ontdek" en 'n groot ophef word deesdae daarvan gemaak. Hierdie gebed word selfs deur sommige mense soos 'n tipe "toorformule" hanteer wat wondere in hulle lewens moet bewerk. Die Bybel leer ons egter nooit toorwoorde nie. God wil ons harte hê, nie ons woorde nie.

Tog is die Kronis se aantekeninge oor Jabes wel belangrik, aangesien hiermee 'n deurlopende tema van die boek aan die orde gestel word. Jabes, wat met smart in die wêreld gebring is, het 'n geseënde lewe gehad omdat hy op God vertrou het. Israel as volk is as 't ware ook met smart in die wêreld gebring (dink maar aan Egipte, die woestynreis en die baie teenslae van die Rigtertyd). Dit was alleen aan God se genade te danke dat hulle as volk bestaan het. Die Kronis toon telkens aan dat dit slegs met Israel goed gegaan het wanneer hulle op God vertrou het. Die hele boek is daarop gemik om die Jode op te skerp dat hulle altyd op God alleen moet vertrou.

Dit is egter nie slegs die volk in geheel wat seën ervaar wanneer hulle op God vertrou nie. Die geslagsregisters toon dat dit vir elke individu geld. Elkeen wat op Hom vertrou, is vir God belangrik. Hulle name staan in sy Boek opgeteken. Selfs mense wat net in sy diens gesing het, staan opgeteken (1 Kron. 6:31-47).

Waar jy vandaan kom, is nie belangrik nie. Wat jy in jou lewe bereik het, is nie voor God belangrik nie. Wat belangrik is, is dat jy op God vertrou en alles wat jy in jou lewe doen, in afhanklikheid van Hom doen. Jabes is ons hierin tot voorbeeld.

*Sing: Psalm 145:10, 11*

*Ds. HB Hattingh (Warmbad)*